Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

education
Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## SEPTEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

1.1.1 D ✓✓ - Ekonomiese kringloop
1.1.2 B ✓✓ - Piek
1.1.3 A ✓✓ - Plaaslike
1.1.4 C ✓✓ - Internasionale Monetêre Fonds
1.1.5 D ✓✓ - MERCOSUR
1.1.6 B ✓✓ - Lewensverwagting
1.1.7 C ✓✓ - Nywerheidsontwikkeling
1.1.8 A ✓✓ - Openbare besteding (8 x 2) (16)

### 1.2 BYPASSENDE ITEMS

1.2.1 D ✓ - sistematiese en omvattende rekord van ekonomiese aktiwiteite
1.2.2 G ✓ - algemene rigting waarin die ekonomie beweeg
1.2.3 H ✓ - die regering voorsien parke, strande, ens. waar fooie gehef kan word om nie-betalers uit te skakel.
1.2.4 I ✓ - wanneer een land goedere en dienste goedkoper as 'n ander produseer.
1.2.5 A ✓ - *ad valorem* of spesifieke belastings op ingevoerde goedere
1.2.6 B ✓ - hoeveelheid goedere en dienste wat mense verbruik, wat 'n funksie van hul inkomste is.
1.2.7 E ✓ - geregtelike besit van 'n ontwerp of handelsmerk.
1.2.8 F ✓ - waar ondernemings kantore of fabrieke van hul besigheid in ander lande ook oprig. (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Verbruikers/Huishoudings ✓
1.3.2 Monetariste ✓
1.3.3 Invoerdeposito's ✓
1.3.4 Morele oorreding ✓
1.3.5 Ekonomiese groei ✓
1.3.6 Arbeidsmag / Werksmag ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

### VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beatwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE deelnemers in 'n geslote ekonomie.**
- Huishoudings/Verbruikers ✓
- Sakesektor/Produsente/Firmas ✓
- Regering/Staat/Openbare sektor ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2. **Hoekom is dit belangrik dat die regering poog om 'n stabiele ekonomie na te streef?**
- Om buitelandse investering te lok. ✓✓
- Om ekonomiese groei te behaal. ✓✓
- Om werksgeleenthede te skep. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Na watter ekonomiese deelnemer word in die uittreksel verwys?** (1)
Buitelandse sektor ✓

ÉcoleBooks

2.2.2. **Noem EEN ander inspuiting in die ekonomie.**
- Regeringsbesteding ✓
- Investering ✓ (1)

2.2.3 **Omskryf die term *inspuiting*.**
Die insette van addisionele geld in die ekonomie deur middel van investering, regeringsbesteding en uitvoere. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

2.2.4. **Verduidelik die uitwerking van lekkasies op die ekonomie.**
Dit het 'n negatiewe impak, want daar is minder geld vir ekonomiese aktiwiteite en kan lei tot laer ekonomiese groei, ✓ bv. besparings, belastings en invoere. ✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 **Hoe sal inspuitings indiensneming in die ekonomie beïnvloed?**
- Daar sal meer werksgeleenthede in die toerismebedryf wees, want daar is meer geld om te investeer. ✓✓
- Verwante bedrywe soos taxidermieë, hotelle, ens. sal uitbrei en meer werksgeleenthede skep. ✓✓
- Mense in landelike gebiede sal meer geleenthede tot onderwys, vaardighede en werksgeleenthede kry. ✓✓ (Enige 2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Op watter datum was die Rand die sterkste teenoor die Dollar?**
30 Junie 2019 (1)

2.3.2. **Watter tipe wisselkoers word in die grafiek voorgestel?**
Vryswewend ✓ (1)

2.3.3 **Omskryf die term *wisselkoers*.**
Dit is die waarde van een land se geldeenheid teenoor 'n ander land. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

2.3.4. **Hoekom dit belangrik dat 'n land 'n stabiele wisselkoers het?**
- Om meer buitelandse investering te lok. ✓✓
- Om meer internationale toeriste te lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

2.3.5 **Hoe sal 'n depresiasie van die rand teenoor ander geldeenhede verbruikers beïnvloed?**
- Dit verlaag die pryse van goedere en dienste - verbruikers kan bekostig om meer in te voer. ✓✓
- Laer pryse verlaag die lewenskoste en verhoog lewenstandaard. ✓✓
- Die prys van gas sal afneem, want dit word deur die olieprys bepaal en daarom kan verbruikers meer gas bekostig. ✓✓
- Mense sal eerder in SA werk as om te emigreer en indiensneming sal toeneem. ✓✓
- Verbruikers kan meer investeer, want hulle kan aandele bekostig. ✓✓
- Dit sal meer bekostigbaar wees vir verbruikers om oorsee te kan gaan. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.4 **Bespreek *prysbeleid* en *gebrek aan aanspreeklikheid* as probleme met openbare sektorvoorsiening.**

Prysbeleid

- Gratis dienste: ✓ Sekere dienste word vrygestel van belasting, bv. openbare gesondheidsdienste - belastinginkomste word gebruik om hierdie koste te dek. ✓
- Gebruikerstariewe ✓ - dit is vir die regering moeilik om die korrekte pryse vas te stel. ✓
- Betaalde dienste ✓- sommige dienste word deur landsburgers betaal, bv. TV-lisensies. ✓
- Gesubsidieerde produkte ✓ - die publiek betaal minder vir goedere wat deur die regering gesubsidieer word, bv. brood. ✓ (Maks 4)

Gebrek aan Aanspreeklikheid

- Daar word van die regering verwag om 'n beleid daar te stel en te implementeer wat gerugsteun word deur ministeriële verantwoordelikhede en die ouditeur-generaal. ✓✓
- Staatsamptenare moet rekenskap gee van hul besluite en optrede. ✓✓
- Die publiek hou die regering aanspreeklik vir die doeltreffende lewering van dienste en die implementering van beleide. ✓✓ (Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir die lys van feite / vbe.) (8)

2.5 **Evalueer die effektiwiteit van die metodes om die betalingsbalans onewewigtigie reg te stel.**

Die metodes om die BB te herstel was suksesvol deur:

- 'n bevredigende BB-posisie te bereik in die lopende rekening. ✓✓
- 'n toename in rentekoerse sal die koste van lenings laat afneem en die vraag na invoere sal afneem. ✓✓
- implementering van invoervervangingsbeleid wat die vraag na plaaslike produkte sal verhoog. ✓✓
- bereiking van hoë vlakke van internasionale kompetisie wat help om die totale vraag en uitsetvlakke hoog te hou. ✓✓

Die metodes om die BB te herstel was onsuksesvol deur:

- die tekort op die handelsbalans wat 'n baie groter toename in invoere teenoor uitvoere toon. ✓✓
- invoervervanging lei daartoe dat ander lande hoër belastings en sanksies hef. ✓✓
- 'n afname in rentekoerse wat die koste om geld te leeen lat afneem en die die vraag na invoere laat toeneem.

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die lys van feite / voorbeelde.)

(8)

**[40]**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem TWEE aanwysers met betrekking tot die inflasiekoers.**

- Produksieprysindeks / PPI ✓
- Verbruikersprysindeks / VPI ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2. **Hoekom is dit belangrik dat streeksontwikkeling ekonomiese sentralisasie beperk?**

- Om die negatiewe effek van sentralisasie teen te werk, ✓ bv. oorbevolking in stede. ✓
- Om oor-sentralisasie van die ekonomie te verhoed en om streeksontwikkeling te bevorder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n digitale toestel.**

- Rekenaar / Skootrekenaar ✓
- Slimfoon ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1)

3.2.2. **Watter instelling publiseer statistieke van RSA?**

Statistiek SA ✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1)

3.2.3 **Omskryf die term *sensus*.**

Sensus is 'n amptelike opname van die totale bevolking. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

3.2.4. **Hoekom gaan 2021 nuwe metodes gebruik?**

- Om die akkuraatheid van inligting te verseker. ✓✓
- Om die tyd van inwoners te bespaar. ✓✓
- Om kostes te bespaar. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

3.2.5 **Hoe help die sensusdata die regering?**

- Dit word deur die regering en ander sektore aangewend vir beplanning en besluitneming . ✓✓
- Dit sluit ook die allokering van fondse na provinsies en munisipaliteite in. ✓✓
- Dit is belangrik vir infrastruktuur, sosiale programme en beleide. ✓✓ (Enige 2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n geografiese SGP.**

- SGP 1: Die noordelike minerale gordel ✓
- SGP 2: Durban-Vrystaat-Gauteng logistieke /industriële korridor ✓
- SGP 3: Suid-Oostelike corridor ontwikkeling ✓
- SGP 4: Noordwes Provinsie ✓
- SGP 5: Saldanha-Noord-Kaap ontwikkelingskorridor ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1)

3.3.2. **Wat is die fokus van SGP 16?**

- Dit is 'n mega wetenskaplike projek vir die bou van 'n gevorderde radioteleskoop. ✓
- Verwant aan infratsruktuur navorsing en hoëspoed IKT. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1)

3.3.3 **Beskryf die term *corridor* kortliks.**
Dir is 'n geografiese area wat 'n gang van een gebied na 'n ander vorm wat deel van streeksontwikkeling uitmaak. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

3.3.4. **Hoekom is dit vir S.A. belangrik om meer groenenergie in industriële ontwikkeling te gebruik?**

- Hulpbronne word al vinniger minder en SA moet groenenergie op nasionale vlak gebruik, bv. golfenergie. ✓✓
- SA moet groenenergie gebruik om 'n volhoubare toekoms te kan hê ✓ en deur alternatiewe produksie-opsies hê soos biobrandstof uit plantmateriale. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

3.3.5 **Hoe suksesvol is die SGPe ter verbetering van SA se streeksontwikkeling?**
<u>SGPe was suksesvol ter verbetering van SA se streeksontwikkeling deur:</u>

- deur die ontsluiting van ekonomiese geleenthede in afgeskeepte areas soos Noordwes. ✓✓
- verbetering van fisiese en sosiale infrastruktuur wat tot die desentralisering van die Oos-Kaap lei. ✓✓
- geleenthede te gee aan plaaslike inwoners om entrepreneurs-aanleg en entrepreneurstalente aan te wend. ✓✓

**EN/OF**

<u>SGPe was onsuksesvol ter verbetering van SA se streeksontwikkeling:</u>

- werkskepping is soms net seisoenaal van aard is. ✓✓
- onbevoegdheid om genoeg vaardigheidsontwikkeling te doen om arbeid te verbeter. ✓✓
- korrupsie en nepotisme wat verhoed dat geld vir die nodige fisiese en sosiale infrastruktuur aangewend word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.4 **Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*.**

Ekonomiese groei
- is ‘n proses waar daar ‘n toename in ’n land se reële bruto binnelandse produk oor tyd is. ✓✓
- dit lei tot toename in produksie van nasionale uitsette en inkome. ✓✓
- ‘n toename in ’n land se reële bruto binnelandse produk. (BBP). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord. (Enige 2 x 2)

Ekonomiese ontwikkeling
- ’n proses wat konsentreer op mense se lewenstandaard, selfrespek en vryheid van keuse. ✓✓
- ekonomiese groei moet lei tot ontwikkeling. ✓✓
- dit is die grootste doel van ekonomiese beleid om ‘n verbeterde lewenstandaard te bereik. ✓✓
- dit is ‘n toename in die reële bruto binnelandse produk (BBP) per capita.

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)
(‘n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir die blote lys van feite / voorbeelde.) (Enige 2 x 2) (8)

3.5 **Hoe susksesvol is Suid-Afrika se streeksontwikkeling ten opsigte van hul benchmark kriteria?**

Suid-Afrika was suksesvol deur:
- in te meng in bedrywe wat gebaseer is op ekonomiese navorsing en analisering wat tot groei lei. ✓✓
- voorsiening van subsidies en aansporings wat wesenlike vordering en groei verskaf in die opgradering van waardetoevoeging en arbeidsintensiewe vervaardigingsbedrywe. ✓✓
- groot sukses in die stryd teen doeane-bedrog, onwettige invoere en swak gehalte produkte deur middel van invoerbeperkings. ✓✓
- handels- en industriële beleide te versoen wat SA se industrieë meer mededingend in die globale ekonomie gemaak het. ✓✓

Suid-Afrika was onsuksesvol:
- bedrog en korrupsie vind steeds plaas en swak gehalte produkte word geproduseer. ✓✓
- groei wat afneem as gevolg van finansiële bystand en opgeleide werkers wat nie beskikbaar is nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 4 x 2)
(‘n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote lys van feite / voorbeelde.)
(8)

**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE internasionale organisasies wat vereis dat hul lede hul aanwysers moet standaardiseer.**

- Internasionale Monetêre Fonds / IMF ✓
- Wêreldbank ✓
- Verenigde Nasies / VN ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Wat is die uitwerking van rykdomsbelasting op inkome-herverdeling?**
Belastings, bv. boedelbelasting, word op ryk mense gehef om ontwikkelingsuitgawes wat armes meer as rykes help, te finansier. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Watter beleid word deur die regering gebruik om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed?**
Fiskale ✓ (1)

4.2.2. **Wat is die rol van die Minister van Finansies?**
Om die hoofbegroting voor te lê. ✓ (1)

4.2.3 **Omskryf die term *privatisering* kortliks.**
Dit is wanneer die regering meer as 50% van sy aandele in staatsbeheerde ondernemings aan die privaatsektor verkoop. ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

4.2.4. **Verduidelik kortliks waarom die regering poog om ekonomiese groei te bereik.**

- Om ekonomiese ontwikkeling te bereik wat die inwoners van die land bevoordeel deur 'n hoër lewenstandaard. ✓✓
- Dit maak die land meer aanloklik vir buitelandse beleggers. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2.5 **Hoe sal die uitwissing van korrupsie en wanbestuur van SBO's die ekonomie bevoordeel?**

- Deur finansiële volhoubaarheid te verseker sal die ekonomie stabiliseer deur middel van kwaliteit dienslewering. ✓✓
- Hulle sal hul ekonomiese en ontwikkelingsrol vervul deur die makro-ekonomiese doelwitte van die regering te bereik. ✓✓
- Dit sal tot ekonomiese en politieke stabiliteit lei wat buitelandse beleggers sal lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Noem EEN faktor wat ekonomiese groei in Suid-Afrika beperk.**
- Brandstofpryse ✓
- Duur arbeid ✓
- Minimum lone ✓
- Kommunikasiesisteme ✓
- Swak infrastruktuur, bv. water / paaie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1)

4.3.2. **Hoe word ekonomiese groei gemeet?**
- Reële bruto binnelandse produk (BBP) ✓ (1)

4.3.3 **Omskryf die term *ekonomiese groeibeleid* kortliks.**
'n Beleid wat help om die totale jaarlikse produksie of inkome in die ekonomie te laat toeneem. ✓✓ (2)

4.3.4. **Watter positiewe impak het SEB op voorheen benadeelde individue?**
Dit het meer swart mense toegang tot vennootskappe, aandeelhouding en eienaarskap van besighede gegee. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

4.3.5 **Hoe kan produktiwiteit in die ekonomie verbeter word?**
- Deur 'n toename in vaardighede en/of produksiebonusse. ✓✓
- Deur die onderwys en opleiding van die arbeidsmag te verbeter deur bv. die bou van meer skole. ✓✓
- Deur 'n gesonde arbeidsmag te verseker, soos gesondheidsorg goeie lewensomstandighede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)
(Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Onderskei tussen *reële vloei* en *monetêre vloei* in die ekonomiese kringloopmodel.**

<u>Reële vloei</u>
- Verwys na die tasbare vloei van goedere. ✓✓
- Produksiefaktore vloei van die eienaars (huishoudings) na die produsente via die faktormarkte. ✓✓
- Goedere en dienste vloei van die produsente via die goederemarkte na huishoudings en ander gebruikers van goedere en dienste. ✓✓
- Produksiefaktore, goedere en dienste vloei van die buiteland na Suid-Afrika (invoere). ✓✓
- Produksiefaktore, goedere en dienste vloei van Suid-Afrika na die buiteland (uitvoere). ✓✓ (Enige 2 x 2)

<u>Monetêre vloei</u>
- Verwys na die vloei van inkomste en besteding in die ekonomie. ✓✓
- Faktorvergoeding verteenwoordig die besteding van produsente en inkomste van huishoudings (lone, huur, rente en wins). ✓✓
- Verbruiksbesteding, aan die ander kant, verteenwoordig die besteding van huishoudings en die inkomste van produsente. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (8)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.5 **Hoe kan die regering dienste as sosiale aanwyser gebruik om die lewenstandaard in Suid-Afrika te verbeter?**

- Die regering kan SBO's herstruktureer, bv.Eskom, om volhoubare energie aan al sy inwoners te voorsien. ✓✓
- Nie alle huishoudings het toegang tot vulliverwydering nie - die munusipaliteite moet hierdie diens ten minste een keer per week aan alle inwoners lewer. ✓✓
- Stedelike en landelike gebiede sukkel met vuil water en beurtwater – die plaaslike regering moet waterinfrastruktuur voorsien. ✓✓
- Substandaard sanitasie moet deur die regering verbeter word deur infrastruktuurontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

ÉcoleBooks

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING C**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5**

- **Bespreek die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie breedvoerig. (26 punte)**
- **Hoe suksesvol is die hoofbegroting om ekonomiese doelwitte te bereik? (10 punte)**

**INLEIDING**

Die regering poog om ‘n hoër lewenstandaard vir die inwoners van die land te bereik en moet daarom hul doelwitte bereik. ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

**INHOUD: HOOFGEDEELTE**

<u>Ekonomiese groei</u> ✓
- Verwys na ’n toename in die produksiekapasitiet van ‘n land. ✓✓
- SA poog om ‘n ekonomiese groei van 4 - 5% te bereik. ✓✓
- Die regering wil hierdie groei bereik omdat lei tot verhoogde lewenstandaarde deur meer materiële voordele te bring. ✓✓
- Vandag se regering glo in die belangrikheid van volhoubare ekonomiese groei, omdat dit lei tot ekonomiese groei oor tyd. ✓✓
- Dit word bereik as ‘n toename in totale aanbod gelyk is aan die toename in totale vraag. ✓✓
- Hulle poog om ekonomiese groei te bereik wat gelyk is aan tendensgroei, wat dieselfde is as verwagte potensiële uitsette oor tyd. ✓✓
- Dit meet hoe vinnig die ekonomie kan groei sonder dat inflasie voorkom. ✓✓
- Die regering soek ekonomiese groei wat nie nie-hernubare hulpbronne uitput nie en nie die omgewing vernietig nie. ✓✓
- Ekonomiese groei moet tot ekonomiese ontwikkeling lei. ✓✓

<u>Volle indiensneming</u> ✓
- Dit is wanneer almal wat wil werk en werk soek, die geleentheid moet hê om te kan werk teen die heersende lone of vir hulself werk skep. ✓✓
- Dit bedoel nie noodwendig almal in die land het werk nie. ✓✓
- As die regering genoeg mense aanmoedig om ekonomies aktief te wees, sal die produktiewe potensiaal van die ekonomie toeneem en die staatstoelaes verminder. ✓✓

<u>Wisselkoersstabilliteit</u> ✓
- Stabiele wisselkoerse word nagestreef om buitelandse kapitaal te lok. ✓✓
- Die SARB kan die geldvoorraad laat toeneem of afneem om dit te bereik. ✓✓
- ‘n Stabiele wisselkoers is voordelig vir die ekonomie. ✓✓



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Prysstabilliteit ✓
- Die staat poog om 'n lae, stabiele inflasiekoers te handhaaf. ✓✓
- Dit beteken nie 'n nul persentasie nie, maar 'n lae en konstante koers. ✓✓
- Die staat se inflasieteiken is tussen 3% en 6%. ✓✓
- Dit is 'n doelwit, omdat dit voordele inhou soos firmas wat koste kan verlaag deur nie hul lone saam met inflasie te verhoog nie. ✓✓

Ekonomiese gelykheid ✓
- Herverdeling van inkomste deur middel van belasting en toelaes verseker dat almal toegang tot basiese benodigdhede het om die ongelyke verdeling van inkomste teë te werk. ✓✓
- Die regering versprei van die rykes na die armes, sonder om dit te veel te maak en voordele en werk te ontmoedig. ✓✓
- Die regering wil ook nie toelaes aantrekliker maak as die voordele van werk nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Die hoofbegroting was suksesvol om ekonomiese doelwitte te bereik deur:
- bereiking van die sosiale doelwitte vir die land te bereik soos die voorsiening van sosiale dienste. ✓✓
- die provinsiale en plaaslike begrotings word geïmplementeer om die lewenstandaard te verhoog, bv. bou van skole. ✓✓
- implementering van belastings soos sondebelasting en suikerbelasting om 'n gesonder samelewing te verkry. ✓✓
- die begroting word gebruik om infrastruktuur en menslike hulpbronne te verbeter, bv. die Uitgebreide Openbare Werkeprogram. ✓✓
- dit skep uitgebriede ekonomiese aktiwiteite om ekonomiese groei te verhoog. ✓✓

Die hoofbegroting is onsuksesvol om ekonomiese doelwitte te bereik:
- nie 'n groeikoers van 4% tot 5% te bereik nie. ✓✓
- openbare sektormislukking as gevolg van korrupsie, nepotisme en misbruik van fondse wat steeds bestaan. ✓✓
- nie fondse aan te wend vir die doel waarvoor dit begroot is nie. ✓✓
- oneffektiwiteit wat belastingbetalers se geld mors, bv. swak dienslewering. ✓✓
- ekonomiese onstabiliteit as gevolg van hoë rentekoers, staatskaping, prysonstabiliteit en 'n tekort op die betalingsbalans. ✓✓
- 'n toename in die BTW-koers is 'n regressiewe belastingkoers wat ekonomiese groei beperk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 10)

**SLOT**

Die regering moet korrupsie, nepotisme, staatskaping, ens. uitroei om sosiale en politieke stabiliteit, verantwoordbaarheid en hul doelwitte te bereik. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 2) **[40]**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 6**

- **Bespreek die volgende sosiale aanwysers volledig:**
  - **Demografiese aanwysers**
  - **Inkomeverdeling aanwysers**
  - **Behuising en Verstedeliking.** **(26 punte)**
- **Bespreek die gebruik van ekonomiese en sosiale aanwysers in die globale ekonomie krities.** **(10 punte)**

**INLEIDING**

Sosiale aanwysers en statistieke meet die vlak van sosiale ontwikkeling en menslike welvaart in 'n land. ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

**INHOUD: HOOFGEDEELTE**

Demografiese aanwysers

Bevolkingsgroei ✓
- Die meting van die bevolkingsgroei word deur middel van 'n sensus gedoen. ✓✓
- Dit word benodig vir diensleweringsdoelwitte en om die belastingbasis te bepaal. ✓✓
- SA het 'n relatiewe hoë bevolkingsgroei in vergelyking met ontwikkelde lande. ✓✓
- 'n Hoë bevolkingsgroeikoers saam met lae ekonomiese groei beskadig die pogings om die gemiddelde lewenstandaard van die bevolking te verhoog. ✓✓
- Dit plaas ook groot druk op die regering se finansies om sosiale dienste te voorsien. ✓✓

Lewensverwagting ✓
- Dit is die aantal jare wat 'n pasgebore baba behoort te leef. ✓✓
- SA se lewensverwagting was 64 jaar in 2019 en neem toe, ✓✓ terwyl die VSA s'n amper 80 jaar is. ✓✓

Inkomsteverdelingsaanwysers

Koptellingsindeks ✓
- Die Wêreldbank toon dat elkeen wat met minder as US$2 'n dag leef, lewe onder die armoedegrensinkomste. ✓✓
- Die armoede koptellingskoers teen die nasionale armoedegrens (% van die bevolking) in South Afrika was 22 in 2008, volgens die Wêreldbank. ✓✓

Gini-koëffisiënt ✓
- Dit wissel tussen 0 – 1 - hoe hoër die waarde, hoe meer ongelyk is die verdeling van inkomste. ✓✓
- Progressiewe inkomstebelasting en SEB is metodes wat gebruik word om die Gini-koëffisiënt te verlaag. ✓✓
- In SA, was die Gini-koëffisiënt 0,63 in 2014 en in die VSA 0.41 in dieselfde jaar. ✓✓



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Behuising en verstedeliking
- 'n Wesenlike deel van SA se armes kan nie bekostig om residensiële eiendom te koop nie. ✓✓
- Die regering fasiliteer huiseienaarskap deur middel van 'n subsidiesisteem en lenings uit die privaatsektor. ✓✓
- Faktore in SA wat huislewering en huiseienaarskap belemmer sluit hoë werkloosheidskoerse en 'n baie oneweredige inkomsteverdeling in. ✓✓
- Die Algemene Huishoudingsopname is ontwikkel om die vlakke van ontwikkeling prestasie van verskeie regeringsprogramme en projekte te meet. ✓✓
- Een van die doelwitte van die AHO is om ontwikkelingsaanwysers in die land te meet, bv. toegang tot basiese dienste soos lopende water, elektrisiteit, ens. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- Lande gebruik aanwysers om politieke en ekonomiese besluite op te baseer. ✓✓
- Hulle gerbuik aanwysers om die nasionale begroting, om voorspellings te maak vir die bou van infrastruktuur (water/elektrisiteit) en om menseregte te onderhou wat diskriminasie teenwerk. ✓✓
- Dit word aangewend om die vernietiging van die natuur, soos besoedeling en ekosisteem beskadiging te voorkom. ✓✓
- Die regering gebruik aanwysers in beplanning en dienslewering om politieke stabiliteit te verseker. ✓✓
- Die voorsiening van onakkurate inligting met betrekking tot aanwysers sal buitelandse investering ontmoedig. ✓✓
- Daar sal byvoorbeeld 'n wanallokasie van regeringsfondse wees. ✓✓
- Daar sal 'n afname in ekonomiese aktiwiteite en in lewenstandaard wees. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 10)

**SLOT**

Sosiale aanwysers moet so saamgestel word dat dit gestandaardiseerd is en in effektiewe beplanning gebruik kan word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Maks 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL 150**

Kopiereg voorbehou